

# GOUDVELD-HOËRSKOOL

## VERKIESINGSBELEID VIR DIE VERKIESING VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS EN MATRIEKRAAD



AANVAAR: \_\_\_\_\_

## GOUDVELD HOËRSKOOL

### VERKIESINGSBELEID VIR DIE VERKIESING VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS EN Matriekraad

Die prosedure hierin beskryf is soos goedgekeur deur die Beheerliggaam van Goudveld-Hoërskool en in ooreenstemming met die Wet op Onderwys, Wet 84 van 1996 (Artikel 11) en geregleer deur die Provinsiale kennisgewing (1997).

#### **1. SAMESTELLING: VRL**

- 1.1 Alle leerders van graad 8 tot 12 sal verteenwoordiging op die VRL hê.
- 1.2 Leerders uit graad 8 – 12 sal deur 1 (een) seun en 1 (een) meisie uit elke graad onderskeidelik op die VRL verteenwoordig word.
- 1.3 Graad 12 sal deur hoofseun en hoofdogter van die Matriekraad verteenwoordig word.
- 1.4 Uit die verkose VRL word 'n voorsitter en ondervoorsitter verkies.

#### **2. SAMESTELLING: Matriekraad**

- 2.1 Leerders uit Graad 12 sal deur 14 seuns en 14 dogters op die Matriekraad verteenwoordig word.
- 2.2 Uit die verkose Matriekraad word 'n hoofseun en hoofdogter asook 'n onderhoofseun en onderhoofdogter verkies.
- 2.3 Hoofseun en hoofdogter verteenwoordig Graad 12 op VRL.

#### **3. DUUR VAN AMPSTERMYN**

- 3.1 Die termyn van die verkose lede uit graad 9 – 12 sal strek vanaf die begin van die vierde kwartaal tot die einde van die derde kwartaal van die daaropvolgende jaar.
- 3.2 Verteenwoordigers in graad 8 word elke jaar voor die einde van Februarie verkies. Hulle termyn strek tot die einde van die derde kwartaal, dieselfde jaar, wanneer die volgende algemene verkiesing sal plaasvind.
- 3.3 Die ampstermyn van 'n lid van die VRL is een akademiese jaar (graad 8 uitgesonder) op datums soos bo uiteengesit.
- 3.4 'n Lid mag vir 'n volgende termyn herkies word as lid van die VRL.

#### **4. STEMGEREGTIGDES**

- 4.1 Elke leerder van graad 8 tot 10 sal slegs een stem per geslag per stemming hê.
- 4.2 Leerders in graad 11 sal 'n maksimum van 14 stemme vir seuns en 14 stemme vir meisies mag uitbring.

- 4.3 Leerders stem vir genomineerdes in dieselfde graad. Seuns en meisies stem vir beide geslagte.
- 4.4 Onderwyspersoneel mag uit graad 8 tot 10 vir een seun en een meisie per graad stem en uit graad 11 vir 14 seuns en 14 meisies.

## **5. VERKIESINGSBEAMPTE**

- 5.1 Die skoolhoof, of sy genomineerde sal as hoofkiesbeampte optree, leiding neem in die verkiesingsprosedure en as voorsitter optree van enige vergadering om die verkiesing te reël.
- 5.2 Meer kiesbeamptes kan aangestel word om die verkiesings in die onderskeie grade te koördineer.

## **6. KENNISGEWING VAN NOMINASIES**

- 6.1 Die hoofkiesbeampte bepaal die datum van 'n vergadering met kiesbeamptes om datums vir die totale verkiesingsproses te bepaal.
- 6.2 Die kiesbeampte berei 'n nominasievorm voor vir gebruik deur alle moontlike kandidate.
- 6.3 Die hoofkiesbeampte stel die leerders in kennis van die datum, tyd en plek van die nominasievergadering sowel as verkiesingsdatums.

## **7. NOMINASIES : GRAAD 8 - 10**

- 7.1 Leerders in elke graad mag kandidate, seuns of meisies, in hul betrokke grade op 'n voorgeskrewe nominasievorm nomineer.
- 7.2 Die nominasie moet die name van die voorsteller en **twee** sekondante bevat.
- 7.3 Die genomineerde moet skriftelik op die nominasiebrief teken dat hy/sy die nominasie aanvaar.
- 7.4 Indien meer as ongeveer 5 seuns en 5 meisies per graad genomineer word, moet 'n verkiesing in die spesifieke graad gehou word om die kandidate vir die kortlys te identifiseer.
- 7.5 Beide geslagte stem vir seuns en meisies tydens die proses om 'n kortlys op te stel.
- 7.6 Hierdie hele proses moet onder toesig van 'n aangewese kiesbeampte plaasvind. (Graadhoofde)

## **8. NOMINASIES - GRAAD 11**

- 8.1 Leerders moet kennis dra van die gevolge van oortredings vanaf einde die 2de kwartaal in gr. 10 en die invloed van die oortredings op nominasies.
- 8.2 Enige leerder wat hom/haarself bevoeg ag om 'n lid van die VRL te word, verkry 'n nominasievorm by die kantoor en/ of kiesbeampte.
- 8.3 Hierdie kandidaat werf 10 (tien) sekondante uit graad 11. (Sekondante kan van enige geslag wees.)

- 8.4 Nominasies kan voor of tydens die nominasievergadering by die hoofkiesbeampte en/of kiesbeampte ingehandig word.
- 8.5 Die kiesbeampte pas 'n siftingsproses toe volgens kriteria later in hierdie dokument genoem.
- 8.6 Indien meer as ongeveer 30 nominasies van 'n spesifieke geslag ontvang word, kan die kiesbeampte besluit om 'n verkiesing te hou om ongeveer 25 kandidate vir 'n kortlys te identifiseer.

## **9. NOMINASIES**

- 9.1 Die kiesbeampte hou die lys van nominasies aan die personeel voor.
- 9.2 Personeel mag die lys aanvul indien daar te min nominasies is. So 'n nominasie moet met voldoende skriftelike motivering ingedien word, 10 sekondante moet verkry word en die leerder onder bespreking se toestemming moet verkry word.
- 9.3 'n Kandidaat sal van die lys verwyder word indien hy/sy nie aan die volgende vereistes voldoen nie:
- a) 'n Kandidaat moet in die voorafgaande eksamen aan die minimum slaagvereistes voldoen het.
  - b) 'n Kandidaat moet in die voorafgaande eksamen 'n gemiddelde prestasie van 50% en hoër behaal het.
  - c) 'n Kandidaat moet deurlopend aan twee buitemuurse aktiwiteite binne skoolverband deelneem.
- 9.4 Indien die kandidaat 'n gedragsoortreding begaan het gedurende die voorafgaande skooljaar. (Vanaf begin derde kwartaal van die vorige jaar) sal die VRL komitee 'n finale besluit neem of die kandidaat op die kortlys mag wees.
- 9.5 Indien die kandidaat 'n oortreding begaan het wat die beeld van die skool skade aanrig of vir die res van die skool 'n verleentheid is, sal die VRL komitee 'n finale besluit neem of die kandidaat op die kortlys mag wees.
- 9.6 Indien 'n personeellid iets soos in 9.4 en 9.5 hierbo, onder die aandag van die VRL komitee wil bring, moet dit skriftelik by die hoofkiesbeampte ingehandig word.
- 9.7 Die besluit en skriftelike beswaar moet met die kandidaat en sy/haar ouers bespreek word.
- 9.8 Die hoofkiesbeampte finaliseer die kortlys vir alle kandidate vir die VRL en gee die inligting aan die skoolkoerant redaksie om binne 5 skooldae 'n verkiesingskoerant met foto's en inligting van al die kandidate beskikbaar te stel. Hierdie koerant kan in elektroniese formaat, plakkate en/of gedrukte formaat wees.
- 9.9 Die hoofkiesbeampte berei 'n stembrief vir elke graad en geslag voor.
- 9.10 Die verkiesingsdatum (stemdag) word aan alle leerders bekend gemaak. Hierdie datum moet minstens 5 skooldae na die verskyning van die verkiesingskoerant wees.

## **10. ONTHEFFING VAN AMP AS VRL EN MATHRIEKRAAD.**

***'n Leerder is onbevoeg om 'n lid van die VRL te wees of as lid aan te bly indien hy/sy :***

- 10.1 Die skool verlaat.

- 10.2 'n Gedragsoortreding begaan of 'n oortredings begaan wat die beeld van die skool skade aanrig of vir die res van die VRL en matriekraad 'n verleentheid is. Die VRL komitee sal 'n aanbeveling aan die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam maak, wat dan die finale besluit sal neem.
- 10.3 So 'n kandidaat mag tydelik, vir 'n maksimum van 10 dae, van sy amp onthef word totdat die finale uitslag bekend is.

## **11. VERKIESING**

- 11.1 Die verkiesing vind plaas op 'n geslote stembrief wat deur die kiesbeampte vir elke graad voorberei is.
- 11.2 Stemme word soos volg uitgebring:
- 11.2.1 Graad 8 tot 10-leerders stem elk vir 1 seun en 1 meisie in dieselfde graad.
  - 11.2.2 Graad 11-leerders stem elk vir 'n maksimum van 14 seuns en 14 meisies in gr. 11.
  - 11.2.3 Personeel stem vir beide geslagte in elke graad volgens die aantal verteenwoordigers.
- 11.3 Na die verkiesing word die stembriewe na die Raadskamer geneem waar dit getel word. Die kiesbeampte wys die tellers aan.
- 11.4 Alle kandidate mag teenwoordig wees tydens die stemtelling.
- 11.5 Die kiesbeampte sal 'n stembrief verwerp indien vir te veel kandidate gestem of indien dit nie duidelik is vir wie gestem is nie.
- 11.6 'n Leerder mag vir minder as die voorgeskrewe aantal kandidate stem.
- 11.7 Die aantal kandidate met die meeste stemme volgens die norm vir elke graad word as verkose aanvaar.
- 11.8 Indien twee of meer kandidate dieselfde hoeveelheid stemme kry, sal die skoolhoof met 'n beslissende stem die uitslag bepaal.
- 11.9 Die beslissing van die kiesbeampte is finaal.
- 11.10 In geval van 'n vakature sal die kandidaat met die meeste stemme wat tydens die algemene verkiesing uitgeval het, as volwaardige lid in die VRL of Matriekraad opgeneem word.

## **12. PROSEDURE NA DIE VERKIESING**

- 12.1 Alle dokumente moet in 'n koevert verseël word en vir die volle termyn op 'n veilige plek deur die hoofkiesbeampte bewaar word.
- 12.2 Die skoolhoof stel die verkose lede in kennis deur 'n algemene afkondiging voor die hele skool te doen.
- 12.3 Die verkose lede moet voor die begin van die 4de kwartaal 'n opleidingsessie bywoon. Tydens hierdie sessie moet die werksaamhede en verantwoordelikhede van die VRL aan die lede verduidelik word.

12.4 Die VRL en matriekraad moet voor die begin van die volgende skooljaar 'n leierskamp bywoon.

### **13. VERKIESING HOOFLEIERS: MATRIEKRAAD**

13.1 Skoolhoof of sy genomineerde belê 'n vergadering van die Matriekraad sewe dae voor die Jaarlikse prysuitdeling.

13.2 Tydens hierdie vergadering nomineer die verkose Matriekraad seuns en meisies waaruit die hoofseun en hoofdogter gekies sal word.

13.3 Indien meer as 5 genomineer is, sal 'n stemming gehou word om 'n kortlys van maksimum 5 op te stel om 'n verdeling van stemme te voorkom. Tydens hierdie stemming mag die verkose Matriekraad en personeel vir 'n maksimum van 5 stem.

13.4 'n Stembrief word deur die kiesbeampte opgestel waar 'n hoofseun en hoofdogter deur die Matriekraad en personeel verkies word.

13.5 Nadat die hoofseun en hoofdogter verkies is, word daar 'n nominasielys vir onderhoofseun en onderhoofdogter opgestel. Indien meer as 5 genomineer is, sal 'n stemming gehou word om 'n kortlys van maksimum 5 op te stel om 'n verdeling van stemme te voorkom. Tydens hierdie stemming mag die verkose Matriekraad en personeel vir 'n maksimum van 5 stem.

13.6 'n Stembrief word deur die kiesbeampte opgestel waar 'n onderhoofseun en onderhoofdogter deur die Matriekraad en personeel verkies word.

13.7 Stemming van die hoofleiers sal op 'n 50-50 grondslag tussen onderwysers en matriekraadslede plaasvind.

13.8 Die 4 hoofleiers word eers amptelik bekend gemaak tydens die jaarlikse prysuitdeling.

13.9 Die 4 hoofleiers moet vanaf die begin van die derde kwartaal van graad 10 'n ingeskrewe leerder van Goudveld-Hoërskool wees.

### **14. VERKIESING VAN DIE DAGBESTUUR VRL**

14.1 Die skoolhoof of sy genomineerde belê die eerste vergadering van die VRL binne sewe skooldae na die aankondiging van die nuwe VRL.

14.2 Tydens hierdie vergadering nomineer die verkose VRL seuns en meisies waaruit die voorsitters en ondervoorsitters gekies sal word.

14.3 Die personeel mag, indien nodig, die lys aanvul.

14.4 Indien meer as 5 genomineer is, sal 'n stemming gehou word om 'n kortlys van maksimum 5 op te stel om 'n verdeling van stemme te voorkom. Tydens hierdie stemming mag die verkose VRL en personeel vir 'n maksimum van 5 stem.

14.5 'n Stembrief word deur die kiesbeampte opgestel waar 'n voorsitter deur die VRL en personeel verkies word.

14.6 Nadat die voorsitter verkies is, word die ondervoorsitter uit die oorblywende 4 name verkies.

14.7 By die eerste vergadering na dié verkiesing, verkies die lede 'n sekretaris en 'n tesourier.

- 14.8 Geen lid van 'n VRL mag meer as een amp op die dagbestuur beklee nie.
- 14.9 In geval van 'n vakature, moet 'n nuwe bestuurslid op die eerste vergadering daarna verkies word. Indien 'n vakature van voorsitter of ondervoorsitter ontstaan, sal die beginsel soos in punt 11 onder verkiesing van VRL in werking tree.
- 14.10 Die voorsitter of ondervoorsitter moet vanaf die begin van die derde kwartaal van gr. 10 'n ingeskrewe leerder van Goudveld-Hoërskool wees.

## **15. KOMITEES VAN DIE VRL**

- 15.1 Die VRL mag komitees daarstel om werksaamhede te vergemaklik.
- 15.2 Hierdie komitees sal verkies word na die verkiesing van die VRL voorsitter en ondervoorsiter.
- 15.3 Leerders wat nie op die VRL dien nie, mag op grond van hul kundigheid gekoöpteer word.

## **16. BYLAE**

- 16.1 Bylaag A: Funksies en verantwoordelikhede

**Bogenoemde beleid was voorgelê tydens 'n Bestuursliggaamvergadering gehou op \_\_\_\_\_ en is algemeen aanvaar.**

\_\_\_\_\_  
**P. van der Merwe**  
**Voorsitter Beheerliggaam**

\_\_\_\_\_  
**P. Sauer**  
**Skoolhoof**